

26 JUNIE TEKSGEDEELTE: II KRONIEKE 35: 1 – 19
FOKUSGEDEELTE II KRONIEKE 35:18

Bekeringsfees

Koning Josia is om twee redes bekend: Hy was maar agt jaar oud toe hy koning geword het, en rondom sy 18e regeringsjaar het hy 'n massiewe godsdienstige hervorming in die land begin, al het hy die Here reeds vanaf sy kinderdae gedien. Ons weet dat daar in hierdie tyd in Juda 'n soort van multigodsdienstigheid bestaan het. Elkeen dien sy eie god. Die hervorming vind plaas omdat die wetboek (Deuteronomium) gevind is toe hy die tempel laat restoureer het. Mens kan dus aflei dat hy as kind en jongman reeds *van die Here geweet* het, maar die *Here leer ken* het eers toe hy die Bybel lees. Herlewing in die kerk van die Here het sekere kenmerke.

Die eerste ding wat Josia doen, is om die gruwelikhede wat die land verontreinig en die Here onteer uit te roei (34: 33). Reformasie in die kerk begin altyd ná konfrontasie met die Woord. Die Gees werk immers deur die Woord. Die Woord dui duidelik aan wat dié dinge is wat in die kerkpraktyk en in lewens van gelowiges vir die Here 'n gruwel is. Daarna word die Here weer gedien volgens Sý voorskrifte. Dit is opvallend hoe daar 'n onderlinge liefde en uitreik onder mekaar in hierdie diens aan die Here is – elkeen gebruik sy gawe om 'n wonderlike feesweek te laat wêrk! Hulle help mekaar. Elkeen gee wat hy kan. In :33 lees ons dat die volk onder die leierskap van Josia in die diens van die Here volhard het – die FEES was die begin van hierdie toewyding aan die Here. Ons weet dat die Paasfees vooruitgewys het na dié Paaslam – Jesus. Daarom is ons lewe reeds 'n fees vir die Here, selfs tussen die swaarkry deur , terwyl ons wag op die grootste fees ooit – die bruilofsmaal van die Lam met die wederkoms van Jesus.

Sing: Skrifberyming 5-3:5

Dr Braam Krüger (Benoni)